15 - 5 - 71

33/71

G.P.-S.43575—1969-70—2,000

J 219

33/71

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

( APPèL Provincial Division)
( Provinsiale Afdeling)

# Appeal in Civil Case
# Appèl in Siviele Saak

PRESIDENT VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK *Appellant,*

*versus*

EDWIN MOLEBATSI *Respondent*

*Appellant's Attorney* / *Prokureur vir Appellant* Kriek & Cloete

*Respondent's Attorney* / *Prokureur vir Respondent* [illegible]

*Appellant's Advocate* / *Advokaat vir Appellant* [illegible]

*Respondent's Advocate* / *Advokaat vir Respondent* [illegible]

*Set down for hearing on* / *Op die rol geplaas vir verhoor op* 16. 9. 1971

3.4.7.8.9

Coram: Botha, Wessels, Trollip, Rabie et Muller AJJA.

WPA 9.45 v.m. — 11 v.m.
11.15 v.m. — 12.45 n.m.

C. A. V.

[illegible] 29.9.71 [illegible]

[signature]

Bills Taxed—Kosterekenings Getakseer

| Date / Datum | Amount / Bedrag | | Initials / Paraaf |
| --- | --- | --- | --- |
| | | | |

Writ issued / Lasbrief uitgereik

Date and initials / Datum en paraaf

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

PRESIDENT VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK .............................. Appellant

EN

CAESAR MOLEBATSI .................... Respondent

Coram: Botha, Wessels, Trollip, Rabie et Muller A.RR.

Verhoordatum: 16 September 1971.

Leweringsdatum: 29 September 1971.

---

# UITSPRAAK

RABIE, A.R.:

Die appellant, wat die verweerder in die hof a quo was (en wat ek hieronder die verweerder sal noem), appelleer teen die bevel van Marais, R., in die Transvaalse Provinsiale Afdeling dat hy, as die versekeraar van n motorvoertuig kragtens die bepalings van die Motorvoertuigassuransiewet, 1942, die bedrag van R8000 as vergoeding vir persoonlike beserings aan die respondent (wat ek die eiser sal noem)

2/... moet

moet betaal.

Die saak vind sy oorsprong in n botsing wat op 24 Desember 1964 op die teerpad tussen Magaliesburg en Boons plaasgevind het tussen n Volkswagen-stasiewa, waarvan ene mnr. Engelbrecht die bestuurder was, en n fiets waarmee die eiser gery het. Die eiser het beserings opgedoen, en daar is ooreengekom dat sy skade R8000 beloop.

Die eiser, wat die deurlugtige naam Caesar dra, was destyds n 15-jarige skoolseun in die Bantoeskool op Boons, waar sy vader n onderwyser was. Sy hoofgetuienis kan soos volg saamgevat word:

Sy moeder het hom gedurende die oggend van die betrokke dag na n winkel omtrent 5 myl van Boons af gestuur en hy het met die fiets van hulle buurman, Timothy Kgampe, soontoe gery. Ná die winkel om 12 uur gesluit het, het hy in die rigting van Boons - d.w.s., in n westelike rigting - teruggery met die goed wat hy gekoop het. Die goed was in sy moeder se winkelsak, wat ongeveer 10 by 15 duim groot is, en dié sak was in n draer wat voor aan die stuur van die

fiets vasgeheg was. Dit was ŉ mooi, sonnige dag, daar was geen wind nie, en die pad was gelyk en reguit. Die pad was omtrent 20 voet wyd - die partye het op ŉ wydte van 20 voet ooreengekom - en in die middel daarvan was ŉ gebroke wit lyn. Hy het, soos hy gewoonlik doen as hy fiets ry, ongeveer een en ŉ halwe tree van die linker kant van die pad gery, d.w.s., min of meer in die middel van sy gedeelte (10 voet) van die pad. Hy het reguit gery en nie heen en weer oor die pad beweeg nie: daar was, het hy getuig, slegs „the normal movement of the cyclist, you know, when he is cycling", waarmee waarskynlik bedoel is dat daar die normale sywaartse beweging was wat gewoonlik by fietsryers op te merk is. Nadat hy ongeveer ŉ myl gery het, het hy ŉ stamp gevoel. Hy het in die pad geval en gevoel dat ŉ motorkar oor sy bene loop. Hy was tydelik duiselig, en toe hy weer bykom, het hy ŉ stasiewa langs die ander kant van die pad gesien staan. Dit het in ŉ oostelike rigting gewys, d.w.s., in die rigting vanwaar hy met sy fiets gekom het. Hy het nooit gesien dat die stasiewa met hom bots nie.

4/... In

In kruisondervraging is die eiser gevra hoe dit gebeur het dat hy oorspronklik sy prokureurs meegedeel het dat die stasiewa van voor af met hom gebots het maar later, by die verhoor, sy uiteensetting van eis gewysig het om te beweer dat dit van agter af met hom in botsing gekom het. Die eiser se antwoord was dat toe hy die stasiewa langs die pad gesien het en opgemerk het dat dit in die rigting wys waarvandaan hy met die fiets gery het, hy afgelei het dat die stasiewa van voor af moes gekom het. Inderdaad weet hy nie uit eie kennis waarvandaan die voertuig gekom het nie. Hy het toegegee dat hy ná die botsing ŉ voet of twee aan sy kant van die middellyn op die pad kon gelê het, maar hy het ontken dat hy vóór die botsing so naby aan die middellyn was. Hy het wel gesê dat hy dit nie sou betwis dat die punt van botsing „very close to the centre line of the road" was nie, maar dit blyk duidelik uit die geheel van sy getuienis dat hy met hierdie toegewing nie erken het dat die botsing slegs ŉ voet of twee van die middellyn af plaasgevind het nie. Hy het steeds volgehou dat hy

5/... ongeveer

ongeveer in die helfte van sy gedeelte van die pad gery het en dat hy getref is terwyl hy daar gery het. Dit is aan die eiser gestel dat hy baie naby aan die linker kant van die pad gery het en dat hy toe, op n tydstip toe die stasiewa slegs ongeveer 8 treë agter hom was, skielik na die middel van die pad geswaai het en dat sowel mnr. Engelbrecht as sy vrou, wat by hom in die stasiewa was, gesien het dat die winkelsak, wat aan die fiets se stuur gehang het of daar vasgehou is, die fiets na regs oor die pad getrek het. Die eiser het ontken dat daar enige sodanige swaai was en het ook ontken dat die winkelsak aan die stuur van die fiets gehang het of dat hy dit vasgehou het. Hy het volgehou dat daar n draer aan die fiets was en dat die sak in die draer was.

Dit is verder aan die eiser gestel dat hy ná die botsing aan mnr. Engelbrecht en sy vrou, en ook aan n Bantoeman en n polisieman gesê het dat dit n „ongeluk" was en dat dit die winkelsak was wat die fiets „laat swaai" het. Die eiser se antwoord was dat hy nie kon onthou dat hy

soiets gesê het nie en dat hy ook nie kon onthou dat hy met die Engelbrechts en met ʼn polisieman gepraat het nie. Dit blyk nie uit die getuienis of die eiser hom dit kon herinner dat hy ʼn Bantoeman op die toneel gesien het nie. Dit is aan die eiser gestel dat hy die beweerde erkenning teenoor die Bantoe in Afrikaans gemaak het.

Die eiser se vader, Edwin Molebatsi, was die eiser se enigste getuie. Hy het getuig dat die fiets waarmee die eiser gery het aan sy buurman, Timothy Kgampe, behoort het en dat hy (die getuie) soms die fiets geleen het om mee te ry. Die fiets het ʼn draer gehad: dit was voor aan die stuur geheg. Ná die ongeluk het hy Kgampe vergoed vir die skade aan die fiets. Sy prokureur het hom later gesê om die fiets in die hande te kry, maar Kgampe het dit toe al reeds weggemaak. Kgampe is later oorlede.

Mnr. Engelbrecht en sy vrou het namens die verweerder getuig. Eersgenoemde se hoofgetuienis kan soos volg saamgevat word:

Vanweë ʼn draai in die pad, het hy die fiets

vir die eerste maal op 'n afstand van ongeveer 100 treë voor hom in die pad gesien. Hy het toe omtrent 60 - hy het ook gesê 65 - myl per uur gery, maar toe hy die fiets gewaar, het hy sy snelheid 'n „bietjie" verminder deur sy „voet te laat skiet van die pedaal af, 'n bietjie". Hy het ook „'n bietjie weggeswaai na die regterkant van die pad toe, ongeveer die middel van die pad", maar het „nie oor die middel van die pad gegaan nie". Die eiser het heeltemal aan die linker kant van die pad gery, maar het toe skielik na regs geswaai. Die stasiewa was slegs sowat 4 of 5 treë agter hom toe hy so swaai, en met die swaai het hy gesien dat daar „'n redelike swaar sak" aan die fiets was: dit het aan die stuur gehang, of anders het die eiser dit in sy hand teen die stuur vasgehou. Toe die fiets nou so „skielik na regs ruk", het hy „gerem", maar hy het „gesien" hy „kon nie rem nie en toe swaai hy heeltemal regs oor die pad". Hy kon 'n botsing egter nie vermy nie. Hy het van die pad afgery en het daarna omgedraai en aan die oorkant van die pad gaan stilhou, met die voorkant van

die stasiewa in die rigting vanwaar hy gekom het. Die punt van botsing was „ongeveer twee voet" aan die linker kant van die middellyn op die pad, d.w.s., aan die getuie se korrekte kant daarvan.

Ná die botsing het hy vir die eiser, wat beseer was en wie se been hy verbind het, gevra „wat het gebeur?", en toe sê die eiser vir hom „dit is n ongeluk, dit is die sak se skuld, die sak het hom omgeruk". n Tydjie daarna het twee Bantoes met n motorkar daar aangekom. Hulle het met die eiser gepraat en die eiser het toe in Afrikaans geantwoord „dit is die sak wat hom omgeruk het, dit is nie die baas se skuld nie". Nog n rukkie later het die polisie opgedaag en aan hulle is n soortgelyke erkenning deur die eiser gemaak.

Mnr. Engelbrecht het ook gesê dat hy ná die botsing na die eiser se fiets gekyk het en dat dit „definitief" nie n draer gehad het nie en, verder, dat die enigste skade aan die stasiewa n klein duikie aan die hoek van die modderskerm by die linkerkantse voorwiel was.

L[illegible]geologiese feit skyn te wees dat die eiers, of die "lede",

waarskynlik net [illegible] is.

Mnr. [illegible] Engelbrecht [illegible] in Vrystaat-

hoor was, word gestel, soos volg:

Die eier het „baie naby" - midden van

ses duim tot 'n voet - van die [illegible] van die [illegible] gevy,

en hy het so „ordentlik" gevy dat hy (die [illegible]) dit nie

nodig gevy het om sy toevlug te [illegible] om hom te waarsku dat

die staalwa [illegible] nie, en ook nie om oor die middel-

lyn te gaan om [illegible] te verseker dat [illegible]

staan tussen die fiets en die staalwa [illegible] nie. Ter-

wyl hy die [illegible] genader het, het hy nie oor die middellyn

gery nie: oor die laaste 100 tree was sy afstand van die [illegible]

ver op die middellyn". Onmiddellik voor die botsing, toe

hy na regs [illegible] het, het hy oor die middellyn gery,

en op die oomblik van die botsing „moes [illegible]

[illegible] ... Die breedte van

die [illegible] is ongeveer 5 voet, en dit van [illegible]

staar ongeveer 18 duim. As die eier nie [illegible] het nie,

sou hy (die getuie) nie oor die middellyn gegaan het nie, en dan sou daar 'n speling van 2 tot 3 voet - hy het ook gesê 4 voet - tussen die fiets en die stasiewa gewees het.

Die getuie se getuienis oor die swaai van die fiets en moontlike redes daarvoor, blyk uit die volgende uittreksel uit die notule:

„Het u gedurig voor gekyk of nie? --- Ja, ek het hom duidelik gesien.

Duidelik gesien? --- Ja.

Hy was al die tyd aan u sigbaar? --- Ja.

En al die tyd, vir daardie 100 treë, het hy koers gehou? --- Ja.

Mooi gery, is dit reg? --- Ja.

Glad nie eenkant of na die anderkant toe gery nie, is dit reg? --- Ja.

Maar net toe u nou verbyry, toe is daar die uitswaai? --- Ja, ek dink hy het my gehoor kom of iets en hy het geskrik of iets, ek weet nie. Vir watter rede hy dit gedoen het, weet ek nie.

U dink dat hy u gehoor kom en geskrik het? --- Ja, of hy het een van die klippe aan die kant van die pad gevang, een van die twee.

Of wat? Een van die klippe aan die kant van die pad? --- Ja.

Wat bedoel u daarby? --- Want daardie hele pad het klippe aan die kant van die pad om te keer dat die teer nie wegspoel nie, wat sover bokant die teer uitstaan. Hy kon een van dit met sy wiele gevang het.

Het u dit gesien? --- Ek het die klippe gesien. Ek sê nie hy het nie, ek sê dit kon wees of hy kon my gehoor het en geskrik het.

Watter distansie het hy uitgeswaai vir u? --- Vir my?

Ja? --- Nee, hy het nie uitgeswaai vir my nie, hy het na my toe geswaai.

O, na u toe geswaai? --- Ja.

Vir watter distansie het hy na u toe geswaai? --- Wel, dit moes omtrent 8 voet gewees het.

8 voet? --- Ja.

En dink u dat dit die klippe is wat hom laat uitswaai het? --- Ek weet nie."

Met betrekking tot die erkennings wat die eiser sou gemaak het, is mnr. Engelbrecht gevra waarom die Bantoes die eiser in Afrikaans aangespreek het, en sy ant-

woord was „Ja, omrede ek neem aan die Bantoe het die vraag aan my gestel en hy het geantwoord, dit is waarom hy miskien in Afrikaans gepraat het. Dit is miskien die rede waarom hy Afrikaans gepraat het". Hy kon nie vir seker sê dat die Bantoe met hom gepraat het nie, maar hy het so aangeneem. Hy het egter geen antwoord aan die Bantoe gegee nie: die eiser het geantwoord, en wel in Afrikaans.

Ek kom nou by die getuienis van mev. Engelbrecht. Sy het, net soos haar man, gesê dat hulle teen ongeveer 60 of 65 myl per uur gery het toe hulle die fiets vir die eerste maal op n afstand van omtrent 100 treë gesien het. Toe hulle die fiets gewaar, was dit of haar man „bietjie stadiger ry, want ons was nie oorhaastig nie", en hy het vir n speling van „seker 3 voet" tussen die stasiewa en die fiets toegelaat. Die eiser het ongeveer n voet van die linker kant van die pad af gery, en aangesien hy „korrek" gery het, was dit „nie nodig om sy aandag op die motor te vestig" deur die toeter te blaas nie. Toe hulle ongeveer 5 tot 8 treë, of miskien 10 treë, agter die fiets was, het

13/... dit

dit skielik na regs geswaai, en sy het toe „n groot sak" gesien wat aan die regter kant van die fiets se stuur gehang het. Hierdie sak het „geswaai", en sy het toe besef „dit is die sak wat hom geruk het, want ek het self baie fiets gery en geweet as jy n sak so hang, dan gebeur dit partykeer op die onmoontlikste tyd dat hy vir jou baie hard laat val". Toe die fiets so swaai, het haar man die stasiewa „uit die pad uit gepluk en ons het amper so saam met die fiets oorgegaan". Daar was geen draer aan die fiets nie, en die punt van botsing was „amper op die wit lyn".

In verband met die erkennings wat die eiser sou gemaak het, het mev. Engelbrecht getuig dat die eiser in die eerste plek aan haar man gesê het „hy is jammer, maar die sak aan die kant van die fiets het hom omgeswaai en dit is hoekom hy teen ons geval het". Daarna, toe die twee Bantoemans op die toneel gekom het, het die eiser „aan hulle verduidelik dat dit n ongeluk was en dat die sak hom onder die kar ingepluk het", en n rukkie later het hy „dieselfde verklaring aan die polisieman gedoen". In verband met die

erkenning aan die Bantoes het sy getuig dat hulle „spesifiek" met die eiser gepraat het en hom gevra het wat gebeur het en hoe hy seergekry het, en dat hulle ook vir haar man gevra het. Die eiser het hulle geantwoord, en haar man het ook geantwoord.

Wat mev. Engelbrecht se getuienis betref, moet ek ten slotte, vanweë ʼn feitebevinding van die verhoorhof en die advokate se submissies met betrekking daartoe, haar getuienis in kruisverhoor aanhaal oor die vraag of sy en haar man die saak met mekaar bespreek het en of sy geweet het wat haar man se getuienis sou wees. Hierdie getuienis is die volgende:

> „Ek praat nou nie van die polisie nie, ek praat nou van - u weet daar is nou ʼn siviele eis. Dit is ʼn eis wat die eiser maak teen die assuransiemaatskappy? --- Ja.
>
> U weet? --- Ja.
>
> En u was nou by toe u man met die prokureurs gesels het daaroor? --- Ek was, ja.
>
> En u het gehoor wat hy gesê het? U weet wat u man se getuienis gaan wees in hierdie

saak, nie waar nie? --- Ja, want ons was saam.

U was saam, en u het met mekaar daaroor gepraat ook? --- Ja.

As u praat van 'n skatting van 100 treë toe u om die draai kom, dit is ook die skatting van u man, of weet u nie, of is dit maar per abuis dat altwee van julle se skatting dieselfde is? --- Miskien is die skatting korrek, plus-minus 100 treë.

Nee, maar my vraag is, weet u dat dit ook u man se skatting is, of nie? --- Nee, ek weet nie.

Is dit die eerste wat u nou hoor van my? --- Dit is reg.

Dat u man skat dit ook op 100 treë? --- Ja.

Is dit reg? Weet u dat u man se skatting ook 60 - 65 m.p.u. is? U sê dat toe u nou gery het is die skatting van die spoed 60 - 65 m.p.u. Is dit nou u skatting? --- Dit is my skatting.

Weet u dat dit u man se skatting ook is, of is dit nou die eerste wat u daarvan hoor? --- Nee, ek weet dit is sy skatting ook, want dit is die spoed wat ons normaalweg ry.

Nee, is dit die enigste rede hoekom u weet dat dit u man se skatting is, want dit is die

spoed wat u normaalweg ry? --- Ja.

Dit is nie wat u gehoor het wat u man sê nie? --- Nee.

Ook as u nou ŉ skatting gee dat toe julle nou 5 - 8 treë van hierdie fietsryer was, toe swaai hy, u skatting is - wat was u skatting? --- 5 - 8, dit kan miskien 10 gewees het.

Ja, maar u skatting was 5 - 8. Weet u wat u man se skatting is? --- Ja.

Wat is u man se skatting? --- Ek vermoed ook in daardie 5 - 10 treë, 8 treë.

Nee, wat sê u, nie wat u vermoed nie, u sê u weet wat u man se skatting is. Wat is nou u man se skatting wat u van weet? --- 8 treë.

Hoe weet u dit mevrou? --- Die familie het met ons daaroor gepraat en gevra.

Watse familie? --- Ons familie, hoe die ongeluk gebeur het.

En u weet dat dit is sy skatting? --- Ja."

Die verhoorhof het bevind dat die eiser min of meer in die helfte van sy helfte van die pad gery het; dat daar ŉ draer aan die fiets was, „of minstens dat die sak .... op so ŉ manier sou hanteer gewees het deur die fietsryer dat

dit veilig en gerieflik sou wees vir hom om te vervoer"; dat daar geen onverwagte of buitengewone swaaibeweging van die fiets was nie, maar waarskynlik slegs 'n „geringe swenking" soos wat normaalweg by fietsryers voorkom; en dat die eiser geen erkennings gemaak het soos deur mnr. en mev. Engelbrecht beweer is nie. Die hof het verder bevind dat die botsing geheel en al aan die nalatigheid van mnr. Engelbrecht te wyte was deurdat hy te naby aan die fiets wou verbyry en „nie genoegsame speelruimte oorgelaat het vir die natuurlike sywaartse beweging aan die kant van die fietsryer nie". Volgens die uitspraak van die geleerde verhoorregter het hy, toe hy tot hierdie bevindings geraak het, gesteun op sy indrukke van die geloofwaardigheid van die getuies, op sy siening van die waarskynlikhede van die saak, en op sekere feite wat gemene saak was.

Wat die geloofwaardigheid al dan nie van die getuies betref, word die volgende in die uitspraak gesê:

> „Indien dit nou neerkom op die geloofwaardigheid van die eiser en sy vader aan die een kant - hoewel sy vader nie

> direk op hierdie punt getuig het nie - en mnr. en mev. Engelbrecht aan die ander kant, na wie se kant behoort die skaal te slaan? Nadat ek hierdie vier mense in die getuiebank so goed as wat ek kan, probeer beoordeel het, vir sover dit hulle betroubaarheid en eerlikheid betref, kom ek tot die konklusie dat ek die voorkeur sou gee aan die eiser en sy vader se getuienis as meer betroubaar. Daar is verskeie redes vir hierdie bevinding."

By die deurlees van die redes wat die geleerde regter vir sy oordeel oor die getuies gee, is dit nie vir my duidelik of die gedrag, of houding, van mnr. en mev. Engelbrecht in die getuiebank ŉ ongunstige indruk op hom gemaak het nie. In die geval van mnr. Engelbrecht behandel die hof sy getuienis en kom dan tot die gevolgtrekking dat sekere gedeeltes daarvan onbevredigend is, maar daar word nêrens uitdruklik gesê dat sy houding, of gedrag, in die getuiebank sodanig was dat dit ŉ ongunstige indruk gelaat het nie. By die aanvang van die behandeling van mev. Engelbrecht se getuienis sê die geleerde regter: „Mev. Engelbrecht het nog ŉ swakker indruk in die

getuiebank gemaak". Dit skep die indruk dat mnr. Engelbrecht se gedrag, of houding, in die getuiebank wel 'n swak indruk gemaak het, maar, soos ek reeds gesê het, die hof sê dit nie in sy behandeling van mnr. Engelbrecht se getuienis nie. Ook wat mev. Engelbrecht betref, gaan die hof, onmiddellik ná die stelling dat sy „nog 'n swakker indruk in die getuiebank" as haar man gemaak het, voort om sekere gedeeltes van haar getuienis te bespreek en te kritiseer, met die gevolg dat dit nie duidelik is of die hof ook op grond van haar houding, of gedrag, in die getuiebank 'n ongunstige bevinding oor haar betroubaarheid of geloofwaardigheid gemaak het nie. In hierdie omstandighede meen ek dat dit korrek sou wees om by die beoordeling van die getuienis van mnr. en mev. Engelbrecht nie van die veronderstelling uit te gaan dat hulle onbetroubaar of ongeloofbaar bevind is op grond van hulle houding, of gedrag, in die getuiebank nie.

Wat die eiser betref, het die hof <u>a quo</u> die betoog verwerp dat sy onvermoë om te sê vanwaar die stasiewa gekom het twyfel op sy geloofwaardigheid as getuie werp

en bevind dat daar geen rede vir die eiser was om 'n valse weergawe van die gebeurtenis te verdig nie. In die uitspraak word van die eiser gesê: „Sy getuienis in die getuiebank het my voorgekom as dié van 'n eerlike man".

Wat die eiser se vader betref, word in die uitspraak niks meer gesê as in die passasie wat ek hierbo aangehaal het waarin die eiser en sy vader, aan die een kant, en mnr. en mev. Engelbrecht, aan die ander kant, met mekaar vergelyk word wat „betroubaarheid en eerlikheid" betref nie. Die eiser se vader het eintlik oor net een wesenlike punt getuienis gegee, nl. die vraag of die fiets 'n draer gehad het, en in verband hiermee het die hof bevind, soos ek reeds gesê het, dat die fiets 'n draer gehad het, „of minstens dat die sak ......... op so 'n manier sou hanteer gewees het deur die fietsryer dat dit veilig en gerieflik sou wees vir hom om te vervoer". Die bevinding wat volg op die woorde „of minstens" skyn in te hou dat die hof die getuienis van die eiser se vader - en, natuurlik, ook dié van die eiser - dat

die fiets ʼn draer gehad het nie as bo twyfel beskou het nie, want anders is dit moeilik om te verstaan waarom die bevinding gemaak is. Terselfdertyd dien egter daarop gelet te word dat die uitspraak geen kritiek op die getuienis van die eiser en sy vader oor die draer bevat nie. Die Engelbrechts se getuienis word wel gekritiseer, soos later sal blyk.

Die betoog van mnr. <u>Coetzee</u>, wat namens die verweerder verskyn het, was wesenlik die volgende, nl., dat die hof <u>a quo</u> fouteer het -

(1) deur nie te bevind dat die eiser ʼn ongeloofwaardige getuie was nie;

(2) deur te bevind dat mev. Engelbrecht ʼn onbetroubare getuie was;

(3) deur die getuienis van mnr. en mev. Engelbrecht oor hoe die fiets oor die pad geswaai het, nie te aanvaar nie;

(4) deur nie te bevind dat die punt van botsing ongeveer 2 voet aan die linker kant van die middellyn op die pad was nie; en

(5) deur te bevind dat mnr. Engelbrecht al die skuld vir die botsing moet dra.

Wat die eerste punt betref, d.w.s., dat die hof *a quo* fouteer het deur nie te bevind dat die eiser 'n ongeloofwaardige getuie was nie, is aangevoer dat die feit dat die eiser nie kon sê van welke rigting die stasiewa gekom het nie die hof moes laat besluit het dat sy getuienis onbetroubaar was. Die hof het, soos ek reeds aangetoon het, bevind dat daar geen rede vir die eiser was om 'n valse weergawe van die gebeure te verdig nie, en ek is geensins daarvan oortuig dat die hof fouteer het nie. Daarbenewens het die getuienis van die eiser die hof voorgekom „dié van 'n eerlike man" te wees, en in dié omstandighede kan mnr. Coetzee se betoog nie slaag nie.

In verband met die bevinding van die hof *a quo* dat mev. Engelbrecht 'n onbetroubare getuie was, kom die betoog daarop neer dat die hof fouteer het in sommige van die feitebevindings waarop hy vir daardie bevinding gesteun het. Die feitebevindings wat hier ter sprake is, en die getuienis wat daarby ter sake is, word kortliks in paragrawe (i), (ii) en (iii) hierna bespreek.

(i) Die hof het bevind dat mev. Engelbrecht ontken het dat sy en haar man die saak met mekaar bespreek het, en dat haar ontkenning „klaarblyklik onwaar" was. Soos sal blyk uit mev. Engelbrecht se getuienis - die betrokke getuienis is vroeër in hierdie uitspraak aangehaal - het sy nie ontken dat sy en haar man die saak bespreek het nie. Sy het dit erken en die hof het derhalwe fouteer.

In hierdie selfde verband word in die uitspraak van die hof gesê dat mev. Engelbrecht ontken het dat sy haar man se skatting van 100 treë en 60-65 myl per uur - waarna ook in die pas gemelde aanhaling uit haar getuienis verwys word - met hom bespreek het en dat hierdie ontkenning „klaarblyklik onwaar" was. Hier toon die getuienis dat mev. Engelbrecht erken het dat sy geweet het wat haar man se getuienis „gaan wees in hierdie saak", maar dat sy nogtans getuig het dat sy nie geweet het van sy gemelde skattings nie, en dat sy vir die eerste

maal daarvan gehoor het toe die eiser se advokaat haar in die loop van haar kruisverhoor daarvan vertel het. Hierdie gedeelte van haar getuienis kan nouliks as bevredigend beskou word.

(ii) In die uitspraak word gesê:

> „Daar is n ander baie belangrike maar onbevredigende kenmerk van haar getuienis. Dit is die kwessie van die sogenaamde draer wat op die fiets sou gewees het of nie sou gewees het nie. Aan haar is gevra of sy ooit die fiets bekyk het. Haar antwoord was n prompte ‚nee'. Die volgende vraag was of daar n draer aan die fiets was, en onmiddellik was die antwoord ewe prompt: ‚Nee, daar was nie n draer aan die fiets nie'. Daardie twee antwoorde het nie met mekaar gerym nie."

Die getuienis wat hier ter sake is, is die volgende:

> „Het u na die fiets gekyk toe hy gepraat het oor die sak? --- Nee, ek het nie aandag aan die fiets gegee nie.
>
> Het u nie gekyk of daar n ‚carrier' aan die fiets voor by die ‚handles' was nie? --- Nee, daar was nie een nie.

> Het u gekyk of daar een was? --- Nee, daar was nie een aan nie, want dan sou die sak nie aan die kant gehang het nie.
>
> Mevrou, die eiser en sy pa sê daar was 'n ‚carrier' voor op die fiets gewees. U het nie soiets gesien nie? --- Nee."

Mnr. Coetzee voer aan dat die hof fouteer het deur te sê dat mev. Engelbrecht gevra is of sy „ooit" die fiets bekyk het en deur gevolglik te aanvaar dat sy op so 'n vraag geantwoord het. Die getuienis toon dat mev. Engelbrecht gevra is of sy na die fiets gekyk het toe die eiser oor die sak gepraat het, en nie of sy „ooit" na die fiets gekyk het soos dit in die uitspraak gestel word nie. Dit is nie vir my duidelik dat mev. Engelbrecht wou te kenne gee dat sy in geen stadium na die fiets gekyk het nie. Wanneer in gedagte gehou word dat sy juis die hof wou laat glo dat daar geen draer aan die fiets was nie, is dit moeilik om te aanvaar dat sy sou wou ontken het dat sy na die fiets gekyk het. Ek wil nie sê dat mev. Engelbrecht se getuienis op die punt heeltemal bevredigend klink nie, maar terself-

dertyd wil dit voorkom dat die hof se kritiek nie heeltemal geregverdig was nie.

(iii) In verband met die erkenning wat die eiser in Afrikaans teenoor die Bantoemans sou gemaak het, word in die uitspraak gesê dat volgens mnr. Engelbrecht die Bantoes eintlik met hom gepraat het en dat dit sou kon verklaar waarom Afrikaans gebesig is. Dan gaan die uitspraak voort:

> „Mev. Engelbrecht kom egter en sê die vraag is direk aan die eiser gestel waar hy op die grond gelê het, vermoedelik dan in Afrikaans, want dit is daardie erkenning waarop mnr. en mev. Engelbrecht staatmaak vir die verweerder om te bewys dat die erkenning plaasgevind het teenoor die Bantoes. Mev. Engelbrecht sê hulle twee het apart gestaan, of eenkant gestaan, toe die vraag gevra en die erkenning gemaak is. Op daardie weergawe is die gebruik van Afrikaans vir my totaal onwaarskynlik, hoewel natuurlik nie onmoontlik nie. Mnr. Engelbrecht sê nee, hy was gebukkend by die eiser op die grond, want hy was besig om hom te verpleeg, en

daarom kon die vraag net so wel tot
hom gerig gewees het as tot die eiser.
Hier is ʼn botsing van getuienis tussen
mnr. en mev. Engelbrecht wat vir my
ernstige probleme oplewer."

Mnr. Coetzee voer aan dat die stelling „Mev. Engelbrecht sê hulle twee het apart gestaan" nie deur die getuienis bevestig word nie en dat mev. Engelbrecht se getuienis, in sy geheel gelees, daarop neerkom dat sy by die eiser was toe die beweerde erkenning gemaak is. Dit is waar, maar dit is eintlik nie korrek om te sê dat ʼn mens hier met ongeregverdigde kritiek op mev. Engelbrecht se getuienis te doen het nie. Waarop dit neerkom, is dat die hof ʼn botsing in die getuienis van mev. Engelbrecht en haar man vind wat eintlik nie bestaan nie. Hierdie fout is egter van weinig belang, want die getuienis toon dat mnr. Engelbrecht en sy vrou wel van mekaar verskil oor die vraag vir wie die Bantoes gevra het wat gebeur het en hoe die eiser beseer is. Volgens mnr. Engelbrecht is die vraag aan hom gestel, wat sou

28/... kon

kon verklaar waarom daar Afrikaans gepraat is. Volgens mev. Engelbrecht is die vraag egter aan die eiser gestel, wat dit onwaarskynlik maak dat Afrikaans gebruik sou gewees het. Daar was dus wel ŉ botsing in die getuienis van mnr. en mev. Engelbrecht wat betrekking het op die vraag waarom die Bantoes Afrikaans sou gepraat het, en die fout van die hof a quo waarop ons gewys is, doen m.i. niks af aan die geldigheid van die hof se bevinding dat dit onwaarskynlik is dat die Bantoes Afrikaans sou gepraat het.

Dit blyk dus dat die hof a quo wel tot sekere hoogte fouteer het in sekere van sy feitlike bevindings, maar die vraag is of hierdie foute van enige wesenlike belang in die saak is. Na my mening is dit nie die geval nie en is daar voldoende redes, selfs indien die getuienis van mnr. en mev. Engelbrecht opnuut deur ons oorweeg sou moes word, om hulle relaas in verband met die botsing te verwerp.

Dit bring my by die betoog dat die hof a quo fouteer het deur nie te bevind dat die fiets geswaai het soos deur mnr. en mev. Engelbrecht beweer is nie. Daar is aangevoer

29/... dat

dat die feit dat mnr. Engelbrecht so drasties na regs geswenk het dit waarskynlik maak dat die fiets op ɱ buitengewone wyse moes geswaai het en dat daar nie slegs ɱ geringe swaai kon gewees het soos deur die hof bevind is nie.

Die hof a quo het in sy verwerping van die relaas van mnr. en mev. Engelbrecht in die eerste plek bevind dat dit onwaarskynlik was dat die eiser, wat, volgens hulle eie getuienis, so reguit gery het dat mnr. Engelbrecht besluit het dat dit veilig sou wees om binne ɱ paar voet van hom af verby te ry, sommer skielik, en juis op ɱ oomblik toe die stasiewa so naby aan hom was dat mnr. Engelbrecht ɱ botsing nie kon vermy nie, na regs oor die pad sou geswaai het. In die tweede plek het die hof moontlike redes vir die beweerde swaai van die fiets, soos gesuggereer deur mnr. Engelbrecht (in ɱ gedeelte van sy getuienis wat ek hierbo aangehaal het), ontleed en verwerp. Die hof het nl. bevind, om dit kort te stel, dat dit waarskynlik was dat die eiser, indien hy vir die stasiewa geskrik het, eerder na links as na regs sou geswaai het en, verder, dat dit onwaarskynlik was

dat die eiser op die klippe aan die linkerkantse rand van die pad sou beland het en toe daarvandaan vir verskeie voet - omtrent 8, volgens mnr. Engelbrecht se getuienis - na regs oor die pad sou geswaai het. Ek kan met hierdie bevindings van die hof a quo nie fout vind nie.

In die derde plek het die hof bevind dat mev. Engelbrecht se getuienis onbetroubaar was. Ek het reeds na hierdie bevinding verwys toe ek die betoog dat die hof verkeerde feitebevindings in die beoordeling van haar getuienis gemaak het, behandel het. Verder moet vermeld word dat die hof in sy uitspraak ook wys op ŉ ooreenkoms, „amper woord vir woord, tussen sommige van haar reaksies op vrae en dié van haar man", en dit as ŉ onbevredigende faktor in haar getuienis bestempel. Die uitspraak noem nie spesifieke voorbeelde nie, maar by ŉ deurlees van hulle getuienis skyn die opmerking vir my geregverdig te wees. Mnr. Coetzee het dit ook nie betwis nie. By wyse van illustrasie sou op die volgende gewys kan word. Mnr. Engelbrecht het getuig dat die eiser so naby die kant van die pad, en so „ordentlik",

gery het - nie „skeef of krom oor die pad" nie - dat dit nie nodig was om hom te waarsku deur die toeter te blaas nie. Toe aan mev. Engelbrecht die vraag gestel is of haar man nie sy toeter geblaas het nie, het sy nie eenvoudig „nee" gesê nie, maar ʼn hele verduideliking gegee oor waarom haar man nie getoeter het nie. Haar antwoord lui: „Nee, dit was nie nodig toe ons aankom nie want hy het korrek gery, hy het nie geslinger nie, dit was nie nodig om sy aandag op die motor te vestig nie, want hy het korrek gery op sy kant van die pad".

In die vierde plek het die hof _a quo_ die getuienis van mnr. en mev. Engelbrecht oor die erkenning wat die eiser sou gemaak het, verwerp. Die hof het dit veral op twee gronde gedoen. Die eerste grond is reeds genoem, nl., die onwaarskynlikheid van die getuienis dat die twee Bantoes wat ná die botsing op die toneel gekom het en gevra het hoe die eiser seergekry het, Afrikaans sou gepraat het en dat die eiser in Afrikaans sou geantwoord het. Mnr. Engelbrecht het getuig dat die vraag in Afrikaans aan hom

gestel is, maar dat die eiser toe geantwoord het, ook in Afrikaans. Hiervolgens sou die gebruik van Afrikaans deur die twee Bantoes verstaanbaar wees, en miskien ook die gebruik van Afrikaans deur die eiser. Volgens mev. Engelbrecht het die twee Bantoes egter „spesifiek" met die eiser gepraat, wat dit onwaarskynlik maak dat hulle of die eiser Afrikaans sou gepraat het. Daar is ook 'n verdere botsing in die getuienis van mnr. en mev. Engelbrecht in hierdie selfde verband. Mnr. Engelbrecht het nl. getuig dat hy nie met die twee Bantoes gepraat het nie, terwyl mev. Engelbrecht sê dat hulle vir hom ook 'n vraag gevra het en dat hy hulle geantwoord het.

Die tweede grond waarop die hof a quo die Engelbrechts se getuienis oor die beweerde erkenning verwerp het, is die volgende. Die eiser het ná die botsing die afleiding gemaak, en hy was eerlik onder die indruk, dat hy van voor af raak gery is, maar sy beweerde erkenning het betrekking op 'n voertuig wat hom van agter af getref het. In die beweerde erkenning verduidelik hy nl. hoe dit gekom

het dat hy na regs geswaai het en as gevolg daarvan deur die stasiewa getref is. As hy geglo het dat hy van voor af getref is, soos hy inderdaad geglo het, sou hy nie gesê het dat hy jammer was dat hy voor die voertuig ingeswaai het nie. Hy sou dan geen erkenning van skuld gemaak het nie, maar gesê het dat mnr. Engelbrecht aan sy verkeerde kant van die pad was en dat hy vir die botsing verantwoordelik was.

Ek kan met die hof a quo se verwerping van die getuienis oor die beweerde erkenning geen fout vind nie, en dit is opmerklik dat mnr. Coetzee ook nie betoog het dat die hof in hierdie verband fouteer het nie. Dit is moeilik om die indruk te vermy dat mnr. en mev. Engelbrecht se getuienis oor die erkenning versin is, en na my mening plaas dit die geheel van hulle getuienis onder verdenking.

My mening is derhalwe dat dit nie gesê kan word dat die hof a quo fouteer het deur die Engelbrechts se relaas van die botsing te verwerp nie. Hieruit volg ook eintlik vanself dat die hof na my mening nie fouteer het

deur nie te bevind dat die punt van botsing ongeveer 2 voet van die middellyn af was soos deur die Engelbrechts beweer is nie. Dit is betoog dat die hof eintlik geen bevinding gemaak het oor waar op die pad die botsing plaasgevind het nie, maar dit is nie korrek nie, want daar is bevind dat die eiser getref is terwyl hy ongeveer in die helfte van sy halwe gedeelte van die pad gery het. Die hof sou alleen kon bevind het dat die botsing ongeveer 2 voet van die middellyn af plaasgevind het indien dit die Engelbrechts se getuienis dat die eiser skielik vir ongeveer 8 voet na regs oor die pad geswaai het, aanvaar het, en dit het die hof nie gedoen nie.

Bo en behalwe wat reeds, met verwysing na die uitspraak van die hof _a quo_, gesê is, kan verder kortliks daarop gewys word dat die Engelbrechts se relaas oor hoe die fiets van die kant van die pad af tot by die punt van botsing ongeveer 2 voet van die middellyn af geswaai het, op hulle eie getuienis nouliks waar kan wees. Indien veronderstel word dat hulle van 5 tot 10 treë agter die eiser

was toe hy skielik begin swaai het en dat hy vir ongeveer 8 voet beweeg het voordat hy getref is, en indien verder 'n reaksietyd van 'n halwe sekonde aan die kant van mnr. Engelbrecht toegelaat word voordat hy sou kon begin swaai het om die fiets te probeer vermy, dan sou hy, indien hy teen 'n snelheid van 50 myl per uur gery het, reeds omtrent 36 voet vorentoe beweeg het voordat hy sou kon begin swaai het. Dit sou meebring dat die stasiewa nie min of meer saam met die fiets oor die pad sou kon geswaai het soos deur die Engelbrechts beweer is nie en, verder, dat die fiets nie vir 8 voet oor die pad sou kon beweeg het voordat dit getref is nie. Ek besef dat die Engelbrechts slegs skattings gegee het van hoe ver hulle agter die fiets was toe dit begin swaai het, maar wat ek so pas gesê het toon nogtans, meen ek, dat hulle verhaal 'n onwaarskynlike is.

Die hof a quo het, soos reeds gesê is, bevind dat die botsing waarskynlik plaasgevind het toe daar 'n „geringe swenking" deur die fiets was. Mnr. Coetzee het betoog dat daar geen getuienis was wat die bevinding van so

ŉ „geringe swenking" sou kon regverdig nie, maar dit is nie korrek nie. Die hof het, soos uit die uitspraak blyk, ŉ geringe sywaartse beweging soos wat normaalweg by fietsryers voorkom in gedagte gehad, en die eiser het, soos ek in my uiteensetting van die eiser se getuienis hierbo aangetoon het, gesê dat daar wel die „normal movement of the cyclist" was toe hy gery het.

Ten slotte behandel ek die betoog dat die hof a quo fouteer het deur te bevind dat mnr. Engelbrecht geheel en al vir die botsing verantwoordelik was. Mnr. Coetzee het nie ernstig betoog dat mnr. Engelbrecht nie nalatig was nie, maar hy het aangevoer dat die eiser ook nalatig was. Na my mening kan dit nie gesê word dat die hof enigsins fouteer het nie. Daar kan geen twyfel wees dat mnr. Engelbrecht nalatig was nie. Hy het, om dit kort te stel, te naby aan die eiser probeer verbyry. Op sy eie getuienis was hy nie van plan om oor die middellyn te ry nie, en hy het dit alleen op die laaste oomblik gedoen toe dit te laat was om ŉ botsing te vermy. Die eiser het aan sy

korrekte kant van die pad gery en het, volgens die hof *a quo* se bevinding, wat nie as foutief bewys is nie, geen ongewone beweging na regs gemaak nie. In die omstandighede kan dit nie gesê word dat hy nalatig was nie.

Op grond van al die voorgaande is dit my mening dat die appèl nie kan slaag nie.

Die appèl word met koste afgewys.

P.J. Rabie
P.J. RABIE
APPèLREGTER

| | | |
|---|---|---|
| Botha, | A.R. | Stem saam. |
| Wessels, | A.R. | |
| Trollip, | A.R. | |
| Muller, | A.R. | |